


MÔRE SE UITDAGING VIR DIE SUID- AFRIKAANSE MYNBOUBEDRYF

deur

Prof AN Brown

Intreerede gelewer op 24 September 1981 by die aanvaarding van die Professoraat in en Hoofskap van die Departement Mynbou-ingenieurswese

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
NUWE REEKS NR 175 – 1981
ISBN 0 86979 359 4
PRYS: R1,80**



Ter inleiding word daar na die belangrikheid van minerale in die daaglikse lewe, na die RSA se ekonomie en na die strategiese belangrikheid van sy minerale gekyk.

Die uitdaging wat gestel word, berus op twee oorwegings, nl die bekamping van inflasie en die lewering van voldoende mannekrag. Inflasie en hoë rentekoerse se uitwerking op langtermyn-voorstelbeplanning word aangetoon, ver naamlik in verband met groot kapitaalbehoefte. Die wisselvallige aard van metaalpryse, wat geraak word deur die wêreld se ekonomiese klimaat, politieke verwickelings en ander faktore, maak voorstelbeplanning en finansiering besonder moeilik. Beheer van bedryfskoste in verband met arbeid, krag, brandstof en toerusting word as uiters belangrik beskou. Die toekomstige ontginning van laergraadse ertsliggame word bespreek. Die geweldige uitbreidingsprogram wat die steenkoolbedryf beoog, word bespreek en die wysheid van die uitvoer van steenkool op groot skaal in terme van toekomstige probleme word bevraagteken. Uraan vir wêreldwye kragopwekking moet 'n groter rol speel, en die hele mynbedryf soek ondersteuning van die Staat om groei te handhaaf en beperkings uit te wis. Omgewingsbeskerming sal in die toekoms meer aandag moet ontvang.

Wat mannekrag betref, word die bedryf se behoeftes bespreek teen die agtergrond van die deurlopende tekorte in die verlede sowel as die ongesonde afhanklikheid van immigrante. Verligting in die vorm van gediplomeerdes afkomstig van die teknikons vir aanstelling in bestuursposte op laer vlak word tans ondervind. Graduandi en die ingenieursrol, sover dit bestuursposte en opleiding raak, word bespreek. Die tradisionele mynbouskole in Pretoria en Johannesburg en die klein inname van Afrikaanssprekendes word ondersoek, in die besonder wat bedryfsvoortligting betref.

Bronne van studente en die belangrikheid van bekendheid met die mynboubedryf word bespreek. Die Departement Mynbou-ingenieurswese is nou 17 jaar oud en het tot dusver 111 graduandi aan die bedryf gelewer. Groei van die Departement, skakeling met die bedryf, raadgewende werk deur die personeel en navorsing is gebiede wat aandag moet ontvang. Voorgraadse doelwitte en studentegedalle word bespreek, en in die besonder die gebruik van die syferrekenaar. Spesialisasie, nagraadse kursusse, kort bydryfskursusse en buitelandse toere vir studente is verdere oorwegings vir die toekoms.

1. INLEIDING

1.1 Minerale in ons daaglikse lewe

Daar bestaan 'n groot mate van onkunde onder die algemene publiek wat minerale betref en min mense besef hoe die daaglikse lewe deur minerale geraak word. Minerale is natuurlik direk afkomstig van die mynboubedryf. Die goudmyne is welbekend deurdat goud so 'n belangrike faktor in die land se ekonomie is dat daar voortdurend na verwys word in nuusberigte. Onder die ander edele minerale is daar platina en silwer. Edelstene van die diamantmyne, saam met die edelmetale, is verantwoordelik vir die pragvertoning van ons juweelbedryf. Industriële diamante word in verskeie bedrywe gebruik. Onder die ander metale ressorteer staal, mangaan, chroom, tin, sink en lood. Die energieminerale is uraan en steenkool, wat ook baie neweprodukte soos plastiek, kunsmis en brandstof oplewer.

Ander grondstowwe wat ontgin word, omvat silika, kalksteen, dolomiet, marmer, graniet, noriet, leiklip, fosfaatkliip en vloeispaat. Kyk om jou: die juwele, die gebou, die ligte, die motor, die paaie, randstene, lamppele, treinspore, kragdrae, klere, verf, gordyne, brille, teepotte, koppies, glase, teëls – daar is skaars 'n voorwerp wat nie direk of indirek van die mynboubedryf afkomstig is nie.

1.2 Minerale die ruggraat van die ekonomie

Ons minerale rykdom is 'n skenking van Bo, en as die bewaarders daarvan is dit ons plig om toe te sien dat dit nie verkwis word nie maar tot die grootste voordeel van die hele bevolking benut word. Die ontwikkeling van ons land is grootliks te danke aan die mineraalbedryf, wat die kapitaal verskaf het, verwante bedrywe laat ontwikkel het en werkgeleenthede geskep het. Landbou en mynbou is primêre bedrywe. Daar is baie lande in die wêreld wat as arm beskou word en in amper elke geval is daar 'n gebrek aan 'n mynboubedryf van enige betekenis. Die mynboubedryf is 'n vooraanstaande werkgewer in

ons land, en in sy Presidentsrede voor die SAIMM vanjaar het mnr G Nisbet na dié feit verwys.¹⁾ Die bedryf het omtrent 710 000 mense in diens en skep daarby direk nog 203 000 werkgeleenthede in sekondêre bedrywe. Met die beoogde uitbreiding van die bedryf sal baie meer werkgeleenthede geskep word. Vir 1981 byvoorbeeld, is die kapitaalbelegging in die goudmynbedryf alleen op 1 500 miljoen rand geraam, wat 12 500 direkte en verwante poste sal skep. Inkomste uit die uitvoer van minerale voorsien die buitelandse valuta wat vir ons invoerprodukte betaal en wat ons so voorspoedig en op so 'n hoë peil in Suid-Afrika laat leef. (Kyk tabel 1 en diagram 1.)

1.3 Minerale se strategiese belangrikheid

Suid-Afrika verkeer in die uiters gunstige posisie dat hy oor die wêreld se grootste reserwes van sekere strategiese minerale beskik. Die feit dat, in die geval van ses strategiese minerale, Suid-Afrika en die Kommunistiese blok oor die grootste deel van die wêreld se reserwes beskik, is vir die Vrye wêreld 'n bron van groot kommer. Dit berus op die feit dat die Weste Suid-Afrika ondersteun en ons toekoms sal moet beveilig teen die Kommunistiese doelwit om die minerale in sy mag te verkry.

Tabel 2 toon die Republiek se rol in die wêreld ten opsigte van die reserwes, uitvoer en produksie van sekere minerale. Diagram 2 toon die gekombineerde Kommunistiese en Suid-Afrikaanse reserwes van die ses minerale.²⁾ Suid-Afrika word steeds beskou as 'n besonder betroubare produsent van minerale, met 'n kundige en goed opgeleide arbeidsmag, asook gesonde arbeidsbetrokkinge wat selde deur stakings versteur word. Dit is inderdaad eienaardig dat Suid-Afrika, met minder as 1% van die wêreld se landoppervlakte, oor sulke geweldige mineraal reserwes beskik.

MÔRE SE UITDAGINGS

Die toekoms van die mineraal bedryf is besonder rooskleurig, in die lig van die uitbreidings wat beoog word. Bereiking van dié doelwitte is afhanklik van twee primêre oorwegings, nl:

- a) Kan inflasie in toom gehou word?
- b) Sal daar voldoende mannekrag wees?

2. INFLASIE EN UITBREIDING

2.1 Inflasie en rentekoerse

Inflasie is 'n ernstige kwaal van die sewentigerjare, wat ons steeds hoof-

brekens besorg. Die spiraal het in 1973 met die oliekrisis en die verhoging in die prys van ru-olie begin. Inflasie beteken eintlik die voortdurende daling in die waarde van geld. Die nimmereindigende pogings om daarby aan te pas deur skynbaar willekeurige prysverhogings skep groot ontevredenheid onder die werksmag. Loonverhogingseise deur vakbonde en ander werknemerverenigings het nou al 'n gewoonte geword. Hoë rentekoerse gaan normaalweg met 'n hoë inflasiekoers gepaard.

Die beplanning en stigting van 'n nuwe myn is 'n langtermynonderneming. 'n Kapitaalinset van R200 miljoen is die algemene vereiste, maar dit kan tot R600 miljoen beloop. In 'n geval waar sulke fondse geleen word, is die rente, teen 14% tot 18% per jaar, skrikwekkend. Onder sulke omstandighede moet risiko's by herhaling in oënskou geneem word, moet vooruitbeplanning deeglik gedoen word en moet projekbeheer streng toegepas word om te verseker dat die beplande konstruksietyd en -koste nie oorskry word nie. In die geval van onedele metale is dit dikwels nodig om die eerste paar jaar se produksie per kontrak te verkoop om die bankiers tevrede te stel. Sulke kontrakvooruitverkope geskied dikwels teen pryse wat aansienlik laer is as die vrymarkprys wat teen die tyd van aanbod heers. Die werkskoste kan ook miskien ongunstig wees en, weens inflasie, hoër was as wat beraam is. Ingenieurswerk van die hoogste gehalte en vernuf word vereis om sukses te behaal.

2.2 Markprys van minerale

Die sukses van 'n mynbouprojek is afhanklik van die markprys van die betrokke minerale. Soos duidelik geblyk het uit die goudprys oor die afgelope paar jaar, kan die metaalprys besonder wisselvallig wees. Dit word beïnvloed deur die ekonomiese klimaat van die wêreld, die gewone werking van vraag en aanbod en selfs politieke verwikkelinge waardeur vrees of spanning geskep word. Dikwels word die stabiliteit van die metaalprys versteur deur die onverwagte storting van opgebergte voorrade van strategiese minerale deur die groot moonthede.

Grafiek 1 toon die goudprys as voorbeeld oor die afgelope dekade, en grafiek 2 die sinkprys oor die lang termyn.

Danksy die beskikbaarheid van die syferrekenaar is dit vandag moontlik om 'n komplekse ertsliggaam met 'n veelvuldige minerale-inhoud in 'n kort tydsbestek te evalueer teen wisselende metaalpryse. Op grond hiervan kan die loongrense dan hersien word om 'n winsgewende produksiesituasie te handhaaf. In tye wanneer metaalpryse kunstmatig hoog is, soos onlangs die geval was met goud, is winste asook belasting dienoooreenkomstig hoog. Die regering behoort die hoë belastinginkomste in dié geval as 'n bonus te beskou.

Ongelukkig bestaan die siening dat 'n latere daling in belasting-inkomste vanweë die terugkeer van metaalpryse tot die normaal, beskou as 'n inkomsteverlies wat 'n negatiewe klimaat ten opsigte van die ekonomie as geheel skep.

2.3 Mynboubedryfskoste

Die beheer van bedryfskoste word steeds as die enkele belangrikste faktor in die mynbou beskou. Indien die verhouding tussen die verskillende kostefaktore en metaalpryse onveranderd gehou word, al is die inflasiekoers hoe hoog, bly winsgewendheid oor die lang termyn onversteurd. Ongelukkig gebeur dit nie so nie, soos reeds in die geval van metaalpryse aangetoon is. Wat bedryfskoste betref, is daar ook wisseling in die relatiewe verhouding. Die koste van elektriese krag het in die afgelope tyd geweldig toegeneem, en dieselbrandstof het ook baie duurder geword. Die patroon van arbeid verander ook gedurig as gevolg van toenemende meganisasie en die vermeerdering in die vraag na beter opgeleide en meer verantwoordelike werknemers. Daarmee gepaard is lone besig om vinnig te styg, veral as gevolg van pogings om die loongaping te vernou. Die koste van toerusting, veral dié wat ingevoer word, is vinnig aan die toeneem. Op die gebied van materiale, byvoorbeeld, het stuthout baie duurder geword omrede dit 'n skaars hulpbron geword het.

2.4 Laergraadse erts

Dit is 'n bekende verskynsel dat, namate hoëgraadse afsettings uitgeput word, laergraadse ertsliggame ontgin word. Uit die aard van die saak moet sulke ondernemings op groot skaal aangepak word om 'n aanvaarbare opbrengs te lewer. Ook die kapitaalbehoefte is dan dienooreenkomstig hoog. Al die risiko's verbonde aan metaalpryse en bedryfskoste is voor die hand liggend. Akkurate bepaling van die minerale-inhoud en die graad van die erts is van die uiterste belang. Dit verg deeglike geologiese ondersoeke en miskien 'n duur prospekteringprogram met baie boorgate. Die vinnige ontwikkeling van die wetenskap van die geostatistiek, gepaard met die syferrekenaar, is 'n groot hulp in dié verband.

2.5 Steenkooluitbreiding

In 1975 is 'n steenkooluitvoerprogram aangepak, en uitvoer is van 2 tot 25 miljoen ton per jaar verhoog. Die voorneme is om dié syfer verder op te stoot tot 44 miljoen ton na 1983. Daar is pas aangekondig dat die uitvoer teen 1990 tot 80 miljoen ton sal toeneem na afhandeling van die uitbreidingsprogram van die Richardsbaaispoorlyn en -hawe. Daar word geraam dat die plaaslike verbruik van steenkool vir kragopwekking, wat tans 60 miljoen ton beloop, sal styg tot 160 miljoen ton teen die jaar 2000. Dit beteken dat 'n nuwe kragstasie van

3 600 MW amper elke jaar vir die volgende 20 jaar gebou sal moet word. Die mynboubedryf verbruik tans ongeveer 30% van al die krag wat opgewek word vir mineraalproduksie, maar daar word verwag dat dié persentasie heelwat sal daal. Aansienlike vordering is gemaak met die oorskakeling vanaf vloeibare brandstowwe na elektriese krag en 90% van die mynbou se kragaanvraag is tans elektries. Sasol word 'n groot steenkoolverbruiker en daar word verwag dat die olie-uit-steenkoolprogram verder uitgebrei sal word voor die jaar 2000, veral in die lig van die wêreld se huidige politieke klimaat. Die staalbedryf, wat Yskor sowel as die mangaan- en chroomstaalvervaardigers insluit, sal ook heelwat uitgebrei. (Kyk tabel 3).

Daar is 'n groot aantal persone wat volhou dat dit krimineel is om steenkool vir kragopwekking te gebruik, omdat dit ernstige omgewingsbesoedeling veroorsaak en die steenkool baie meer werd is as 'n chemiese grondstof. Die uitbou van die Sasolproses, met sy nuwe produkte is 'n voorbeeld hiervan, en groot getalle werkgeleenthede word ook daardeur geskep. Daar is ook sekere kenner wat die uitvoer van ons steenkool sterk weerstaan. In sy Presidentsrede verlede jaar het dr PR Jochens daarop gewys dat tot 25% van ons steenkoolreserwes benodig word om 50% van ons minerale te herwin.³¹ 'n Kommerwekkende faktor is die gebrek aan genoegsame reserwes van metallurgiese steenkool vir gebruik in die staalbedryf. By geleentheid van sy ontvangs van die Brigadier Stokes-platinamedalje by vanjaar se jaarvergadering van die SAIMM, het dr W Bleloch sterk beswaar teen die uitvoer van ons steenkool gemaak. Die Suid-Afrikaanse reserwes vorm maar 1,5% van wêreld se reserwes van 10 teraton (10×10^{12} ton), waarvan 80% in die VSA en die USSR geleë is. Die gebruik van steenkool om ons staalbedryf uit te bou, lewer 6 tot 7 keer die buitelandse valuta op wat deur die regstreekse uitvoer van steenkool verdien word. Indien steenkool steeds uitgevoer word, sal daar later op groot diepte en onder moeilike omstandighede gewerk moet word om die nodige skoon steenkool te bekom. Die groot uitdaging is natuurlik om die herwinningspersentasies te verbeter. In nuwe moderne myne in ons land waar strookafbouing toegepas word, word herwinning op 65% beraam. Daar is myne waar herwinning in die verlede slegs 30% was, en daar lê 'n groot uitdaging vir ons toekomstige ingenieurs voor om dié gebiede moontlik weer deur middel van ondergrondse in situ-beheerde verbranding te bewerk.

2.6 Uraan vir kragopwekking

Die wêreldprogram van kragopwekking in kernkragstasies is heelwat vertraag en is omhul deur politieke probleme wat voortspruit uit die vrees vir radioaktiewe besoedeling. Dit ly geen twyfel nie dat kernkragopwekking die skoonste, doeltreffendste en goedkoopste manier van kragvoorsiening is vir die toekoms. Dit is jammer dat die programme vertraag word. As gevolg van

dié toedrag van sake is die markprys van uraan onrealisties laag op \$23 per pond, terwyl 'n prys van \$40 per pond in 1974 as billik beskou is. Suid-Afrikaanse produksie het in 1979 op 5 600 ton per jaar te staan gekom, meestal as 'n neweproduk van die goudmynbedryf. Gelukkig is daar groot reserwes uraan in die slikhope van die goudmyne, en al is die graad laag kan dit redelik maklik herwin word. Suid-Afrika is in die gunstige posisie dat hy 'n vooraanstaande produsent van uraan kan wees, as die prys verbeter.

2.7 Staatsondersteuning

Die Staat is 'n vennoot van elke mynbou-onderneming en ontvang 'n inkomste uit dié bedrywighede in die vorm van huurgeld en belasting. Dit is dus in die Staat se belang dat die mineraalbedryf groei. Daar is beslis drie terreine waarop die bedryf staatsondersteuning verlang. Eerstens moet daar motivering wees vir die soek na nuwe mineraalbronne, en in dié verband is daar voorgestel dat maatskappybelastingheffings en die belasting op onverdeelde winste afgeskaf word. Tweedens behoort die Staat onnodige wetlike beperkings wat die ontwikkeling van die mineraalbedryf strem, uit die weg te ruim. Die Staat behoort betrek te word by finansiële steungewing aan navorsingswerk wat hierop gemik is. 'n Voorbeeld van so 'n navorsingsterrein is die beperkings in die vorm van regulasies wat die steenkoolbedryf dwing om herwinning in te kort ten einde oppervlakversakking te voorkom. In sekere opsigte word die regulasies as té beperkerd beskou. Dertens kan die Staat meehelp om die plaaslike mynbedryf te beskerm. Die VSA-owerhede berg byvoorbeeld voorrade van die meeste strategiese minerale op. Sulke aankope val buite die bestek van normale vraag en aanbod verskaf 'n mate van stabiliteit aan sekere sektore van die bedryf. Die huidige swak toestand van die uraanbedryf kan deur so 'n beleid baat. Met 'n strategiese mineraal soos ru-olie word dit tóg gedoen. In 'n onlangse referaat het dr DG Krige daarop gewys dat 'n daling in die belastingformule in sekere gevalle die herwinbare ertsvolume kan vergroot, sodat die inkomste uit belasting op die lang termyn ook vergroot kan word. Sulke voorstelle verg verdere studie.

2.8 Omgewingsbeskerming

Alhoewel daar in die verlede ongewenste gevalle was, kan ons in Suid-Afrika trots wees op die mate van omgewingsbeskerming wat tans deur mynbou-ondernemings toegepas word. Lug- en waterbesoedeling geniet besondere aandag. Dit is nie altyd moontlik om alle tekens van mynbou-aktiwiteite nê staking van werkzaamhede uit te wis nie. Oppervlakherstelwerk soos die aanplant van gras en struik op mynstorthope aan die Witwatersrand is 'n goeie voorbeeld hiervan. Die huidige praktyk van oppervlakherstelling in verband met steenkoolstroopafbouing is besonder bevredigend. Sulke maatreëls

moet 'n balans vorm met optimale benutting van ons mineraalhelpbronne.

3. MANNEKRAG

3.1 Personeelbehoefte

'n Opname is onlangs deur die Navorsingsraad insake Menslike Hulpbronne gedoen in verband met personeelbehoefte in die ingenieursprofessie. Dié inligting, wat nou as foutief beskou word insake die mynboubedryf, is deur die Federasie van Verenigings van Professionele Ingenieurs hersien om 'n mannekragverslag op te stel. In die geval van die mynbou is die voorspellings klaarblyklik verkeerd. In die jaar 1970 word daar maar in 18% van die vraag met plaaslike mense voorsien, en in die lig van deurlopende tekorte is die aanvraagberamings waarskynlik verminder. Oor die jare heen was daar 'n klein maar bestendige inname van immigrante, meestal uit Brittanje waar min werkgeleenthede bestaan. Aanpassingsprobleme word beslis deur sulke mense ondervind en min van hulle is geslaag. 'n Primêre bedryf, wat afhanklik is van immigrante vir sy mannekrag, verkeer in 'n ongesonde toestand. Twee faktore het 'n invloed op die situasie. Eerstens is die tradisionele werk van die mynbou-ingenieur verdeel, sodat daar nou spesialiste bestaan vir rotsmeganika en mynventilasie wat van ander dissiplines getrek moet word. Toesig oor daaglikse produksiebedrywighede word deur personeel met 'n tegniese agtergrond en deeglike indiensopleiding behartig. Veranderings in die struktuur bring mee dat die vaardighede van gegradueerdes nie meer vir roetinebedrywighede benodig word nie. Dit is goed en wel, maar waar bedrywighede nie geroetineerd is nie, verloor die bedryf sy kapasiteit om gou te reageer as gevolg van 'n gebrek aan akademies opgeleide personeel. In die geval van die mynboubedryf, wat besig is om vinnig te ontwikkel, word dié toedrag van sake as gevaarlik beskou. Oor 'n tydperk van tien jaar was daar 'n merkbare toename in die getal gediplomeerdes (tegnici) vanaf die teknikons. Tot dusver is daar 250 metaal- en 100 steenkoolgediplomeerdes wat in produksieposte werksaam is. Die beskikbaarheid van dié klas werknemer het seer sekerlik die vraag na gegradueerdes verlig. Daar word beraam dat, afgesien van 'n agterstallige tekort, die huidige toevoer van gegradueerdes nog 'n jaarlikse tekort van 50% toon. Verder moet die uitbreiding van die bedryf in ag geneem word. Daar is ook altyd 'n behoefte by die verwante bedrywe soos toerustingvervaardigers, plofstofvervaardigers en die Staat; hulle behoort ook studente te verskaf. Vir jong manne is die huidige toestand besonder rooskleurig, met goeie bevorderingsmoontlikhede en aantreklike besoldiging. Die vinnige opneem van gegradueerdes in bestuursposte staaf die argument van sekere kenners dat die bedryf te veel bestuurders en te min ingenieurs het. So 'n toestand is natuurlik ongesond en moet reggestel word

3.2 Opneming van graduandi

Die eerste doelwit van 'n gegradueerde is om 'n geregistreerde professionele

ingenieur te word. Die pligte van die ingenieur is die ontwerp, bou en beheer van mynbou-ondernemings. Dit is seker dat die gegradueerde later van tyd in 'n bestuurshoedanigheid sal optree. Bestuursopleiding moet in 'n later stadium ontvang word. Kenners hou vol dat bestuursopleiding 'n mate van praktiese ondervinding benodig om doeltreffend te wees. In die voorgraadse kursus is blootstelling aan die beginsels van bestuur voldoende, wat dan as fondament kan dien waarop die bestuurstruktuur later gebou kan word. In die teorie kan die laervlak-produksiebestuursposte gevul word deur tegnisi vanaf die teknikons, wat professionele produksie-beamptes word. Die toebroodjievorm van opleiding is heeltemal geskik hiervoor.

3.3 Mynbouskole

Die Mynboudepartemente aan die Universiteit van Pretoria en van die Witwatersrand is die enigste twee in die land. Gesamentlik lewer hulle gemiddeld 20 tot 30 graduandi per jaar. Die volle kapasiteit kan as 180 per jaar beskou word en daar bestaan dus geen behoefte aan die stigting van nóg 'n departement in die afsienbare toekoms. Albei departemente is goed geleë ten opsigte van die goud- en steenkoolvelde. Die gehalte van opleiding is hoog en het gesorg vir die hoë aansien van Suid-Afrikaanse mynbou-ingenieurs. Daar is tans ses professore aan vooraanstaande mynboudepartemente in die wêreld, nl. twee in Suid-Afrika, drie in die VSA en een in Engeland.

3.4 Afrikaanse mynboustudentegetalle

Dit word geskat dat 70% van die Blanke mynbouwerknemers wat in 'n direkte verband met die mynbou staan, Afrikaners is. Dit is dus onverklaarbaar dat sulke klein getalle in die verlede hul vir opleiding as mynbou-ingenieurs aangemeld het. Sedert die stigting van die Departement aan die Universiteit van Pretoria in 1964 het 111 studente gegradueer en dit is bemoedigend om te merk dat die getal besig is om te vermeerder. Miskien is die vroeëre gebrek aan bedryfsvoorligting besig om af te neem. Die aanpasbaarheid van die gegradueerde in die mynboubedryf is 'n belangrike faktor. Dit is nie elke man wat hom in die mynbou tuis sal voel nie. Die beste kandidate is die mense wat in 'n mynbougemeenskap grootgeword het, wat die mynboulewe verstaan en wat maklik daarby sal aanpas en dit begeer.

Dit is eienaardig dat so min studente van die tradisionele mynbou-omgewings afkomstig is. 'n Voortdurende voorligtingsveldtog word benodig onder die mynbougemeenskappe van ons land. Daar bestaan 'n skema wat miskien 'n goeie uitwerking op die situasie kan hê en wat uitgebrei behoort te word. Die skema maak dit vir 'n student moontlik om vir mynbou-ingenieurswese in te skryf by 'n universiteit met 'n ingenieurs-fakulteit, waar daar nie noodwendig

'n mynboudepartement bestaan nie. Daar word die eerste en tweede studiejaar afgehandel; die derde en vierde studiejaar word aan die Universiteit van Pretoria voltooi. Sulke universiteite is byvoorbeeld Potchefstroom (Carltonville en Klerksdorp), Natal – Pietermaritzburg (Newcastle en Dundee), Stellenbosch (NW-Kaap), Oranje-Vrystaat (Welkom). Vanweë die hoë koste van tersiëre onderrig sal dit moontlik verkieslik wees om studente na aan hul tuiste te hê vir die tweejaartydperk.

3.5 Opleidingoorwegings

Dit ly geen twyfel nie dat 'n student wat reeds met die mynboubedryf in aanraking was in 'n beter posisie is as sy mede-student wat direk van die hoërskool afkomstig is. So groot is die verskil dat daar gepleit word dat beurse net toegeken word aan kandidate wat 'n jaar van leerlingamptenaaropleiding voltooi het en wat op daardie vlak presteer het. Dit is 'n bekende feit dat 'n groot persentasie leerlingamptenare (tot 50%) na 3 jaar nie meer in die bedryf werksaam is nie. Die rede vir die voorstel is dat jongmanne die bedryf leer ken en dat hulle na 'n jaar met 'n mate van sekerheid weet of hulle by die bedryf sal pas. Moontlik kan skoolverlaters 'n beurs van miskien net 60% van die volle beurswaarde ontvang. 'n Pasgegradueerde wat nie vorige ondervinding in die bedryf het nie, doen 'n kursus soortgelyk aan dié van die leerlingamptenaar. Hy kry erkenning daarvoor van SARPI as 'n ingenieur-in-opleiding. Indien 'n student 'n jaar opleiding in 'n voorgeskrewe kursus gehad het voordat hy sy studies begin, behoort SARPI ook erkenning daarvoor te gee, wat die voorstel dan ook aantreklik sal maak.

'n Verdere knelpunt hou verband met militêre diensplig. In die geval van mynbougraduandi is dit 'n moeilike vraagstuk. Die Weermag het min of geen geleenthede om 'n ingenieur se opleiding uit te bou nie, en dikwels word sy opleiding met twee volle jare vertraag. Daar word erken dat sekere basiese militêre opleiding gedoen moet word, asook sessies van grensdiens. Daar word dus voorgestel dat gegradueerdes gestasioneer word in kampe na aan myne (bv Middelburg). Die dienspligtige slaap snags in die barakke, maar bedags (vier dae per week) is hy in diens by die myn. Sy opleiding word dan bevorder, al is hy in uniform. Dié oorweging is in landsbelang.

4. DIE DEPARTEMENT MYNBOU

Lente is 'n pragtige tyd van die jaar en bome is tans gesnoei. Ou takke is afgeknip, nuwe takke word aangemoedig om 'n goeie vorm vir die boom te verkry. Die analogie is miskien paslik vir gebruik.

4.1 Groei van die Departement

Die Departement is in 1964 gestig en is tans 17 jaar oud. Goeie vordering is oor die jare gemaak en vanaf 'n klein begin is dit nou uitgegroeï. 'n Kenmerk van 'n klein departement is dat die personeeltal dienooreenkomstig klein is. Dit verg veelsydigheid deurdat elke dosent verskeie kursusse moet aanbied. So 'n stand van sake veroorsaak natuurlik sekere probleme. 'n Dosent vind dit moeilik om enigsins te spesialiseer in 'n gekose vakrigting. Navorsing word ook geraak en die gevolg is dat die kennis geneig is om oppervlakkig te wees. Met die toename in die studentetal het die aantal poste ook toegeneem. Ongelukkig was dit nie moontlik om 'n vakante pos te vul nie en is die personeel steeds oorlaai. Dit lyk asof die bedryf sal moet help om die nodige verligting te bring.

4.2 Skakeling met die bedryf

Daar bestaan 'n basiese behoefte van noue samewerking tussen die departement en die bedryf. Ook moet elke personeelid gereeld met die bedryf skakel. In die laaste tyd is hegte skakeling bewerkstellig. Etlike bedryfsbeamptes word op verskeie vlakke as eksterne eksaminatore vir al die vakke, insluitend skripsie en mynontwerp, asook as medeleiers vir laasgenoemde oefeninge betrek. Dit lei tot 'n besef en waardering van die Departement se aktiwiteite, standaarde, behoeftes en probleme.

Wat die vraagstuk van personeel betref, sou dit 'n voordelige reëling wees as die bedryf persone beskikbaar stel vir 'n tydperk van miskien twee jaar. Gedurende dié tyd behoort die persone hulle studies voort te sit en daarby 'n doserende funksie te vervul. Die mynboubedryf behoort erkenning te gee aan die verwerwing van bykomende kwalifikasies ten einde so 'n stelsel aan te moedig.

4.3 Raadgewende werk

Die Universiteit verleen toestemming aan personeel om raadgewende werk op beperkte skaal te doen. Verskeie voordele spruit voort uit so 'n reëling. Die dosent kom in aanraking met werklike probleme in die praktyk, wat hom op hoogte van sake hou. Daar word met mense in die bedryf geskakel. Die dosent bou sy spesialiteitsrigting uit deur middel van die werk wat aangepak word in die vorm van gevallestudies. Geleentheid word gebied om sy inkomste aan te vul. Raadgewende werk is een van die vertakkings wat sterk aangemoedig moet word; miskien is die doseer- en administrasielas asook die gebrek aan spesialisasie die hoofredes waarom raadgewing swak beoefen word. In dié verband kan die bedryf ook 'n rol speel en sodoende 'n voordeel skep in 'n klimaat van mannekragtekort.

4.4 Navorsing

Navorsing moet ook sterk aangemoedig word. Noue skakeling tussen die Kamer van Mynwese en die WNNR is 'n voorvereiste. Voor die stigting van die Kamer van Mynwese se Navorsingsorganisasie is heelwat van die bedryf se navorsing deur inrigtings soos die Universiteite en die WNNR onderneem. Miskien het die tyd aangebreek om die Universiteite nouer te betrek deur sekere navorsingstake aan hulle op te dra.

4.5 Voorgraadse doelwitte

